 Scriptura 7 (1982) pp 20-31

SITUASIE-ANALISE AS BEGINSEL VAN KURRIKULUMONTWERP MET DIE OOG OP DIE VAK BYBELKUNDE

P P A Kotze

1 *OPDRAG*

Ons opdrag was om te besin oor die strukturering en oorbe= lading van Bybelkundeleerplanne. Soos sal blyk, lê die opdrag op die studieterrein van kurrikulumontwerp. Die drukke ondersoek op hierdie gebied het ons sensitief gemaak vir die gevaar van 'n leerplan te struktureer by wyse van 'n lukraak sameflansing van leerinhoude van 'n vakgebied deur 'n groepie kenners. Die beginsels vir kurrikulumont= werp moet deeglik in ag geneem word.

2 *BEGRIPSBEPALING*

In ons besinning het ons afgekom op 'n taamlike mate van verwarring tussen die begrippe: kurrikulum, leerplan en werkskema. In hierdie referaat laat ons ons lei deur die definisies van W J Louw (Kurrikulum, Sillabus en Werkskema - enkele verduidelikings, *U P -dosent*, Julie 1981, 34):

"*Die kurrikulum* is 'n wetenskaplik-verantwoordbaar opge= stelde dokument wat geselekteerde, geordende en geëvalueerde inhoude asook sodanige didaktiese oorwegings moet insluit wat instrumenteel is tot verwerkliking van die daarin ge= stelde doelstellings in die onderrigsituasie."

Die sillabus stel die inhoude vas wat vir elke vak of dissipline in die opvolgende jare aangebied word. (In hierdie referaat word die wisselterm: leerplan, liefs gebruik).

Die werkskema is die detailbeplanning om die inhoude van 'n sillabus vir elke kontaksessie met die studente gedu= rende die akademiese jaar in te pas."

Bybelkunde is 'n vak en in die verband het ons dus te doen met 'n leerplan. In die opstel van die leerplan sal egter deeglik rekening gehou moet word met die beginsels vir kurrikulumontwerp.

3 *TAAKAFBAKENING*

Soos aangedui in my referaat: Ontwerp en integrasie van Bybelkundeleerplanne (*Scriptura* 4, 1981, 23-29), kom die volgende beginsels in kurrikulering ter sprake. Skematies is dit soos volg voorgestel:

KURRIKULERING

Situasie-analise 1 Waardes 2 Behoeftes van gemeenskap 3 Eise van gemeenskap 4 Ens.	Doelstelling Elementare Fundamentale Aard Seleksie Ordening	Leerinhoud in samehang met leerervaring en leerge= leentheid Seleksie Ordening	Evaluering om te bepaal: onderrigpeil, resultaat van onderrig, ens.

Aangesien dit onmoontlik is om die hele spektrum van begin= sels in een referaat te behandel, is besluit om aanvoorwerk te doen ten opsigte van die eerste beginsel, naamlik SITUASIE-ANALISE. Dit weer moet gepaardgaan met 'n ver= kenning van die beginsituasie waarin die volgende ondersoek moet word:

die belanghebbendes by kurrikulumontwerp,
die waardes en die behoeftes van die gemeenskap,
die onderwysinrigtings wat betrokke is,
die verwysingsraamwerk van studente en dosente
relevante ekonomiese oorwegings,
tegnologiese hulpmiddele, ens.

Bogenoemde zake word onderskei terwyl tegelykertyd besef word dat dit in die bespreking nie so waterdig geskei kan word nie aangesien daar verbande is wat inmekaar vloei.

4 *SITUASIE-ANALISE IN 'N BEGINSITUASIE*

4.1 *Die belanghebbendes*

Die belanghebbendes by kurrikulumontwerp funksioneer op drie vlakke :

'n Makrovlak - die wetgewende liggame

'n Mesovlak - die onderwysdepartemente
onderwysinrigtings
leerplankomitees
belangegroepe i v m die onderwys

'n Mikrovlak - die persoon wat die kurrikulum in werking stel en wat ook betekenisvolle beslissingsmagte ten opsigte van die kurrikulum moet hê.

Belanghebbendes uit aldrie vlakke sal voortdurend betrek moet word vir oorlegpleging oor die doeltreffende implementering van die beginsels soos onder punt 3 genoem.

4.2 Die waardes en behoeftes van die gemeenskap

'n Waarde kan in hierdie verband gedefinieer word as dit wat iets werd is, gemeet aan 'n bepaalde norm. Waardes gee sin aan die lewe van 'n gemeenskap in die algemeen en aan die lewe van die indiwidu in die besonder. By situasie-analise speel waardes 'n wesenlike rol, so ook behoeftes. Waardes vervul in sekere behoeftes. Tussen hierdie twee pole - waardes en behoeftes - funksioneer die gemeenskap, die opleidingsinrigting, die student en die dosent. Die volgende waardes word gewoonlik as onderliggend aan 'n onderwyssisteem beskou:

godsdienstige
opvoedkundige
sosiale
ekonomiese en
institusionele waardes.

'n Gemeenskap stel prys op sy waardes en verwag dat dit erken sal word, maar meer nog - dat dit bevorder sal word. Kurrikulumontwerp moet die waardebesef van 'n gemeenskap weerspieël en tegelyk rekening hou met die ontwikkelingstendense in die gemeenskap, anders is dit moontlik dat gister se stof vir die mense van môre aangebied kan word.

Vir *die student* die erkenning en toe-eiening van waardes

1 die vorming tot sinvolle volwassenheid waarin 'n eie selfstandige lewensopvatting sy rol sal speel;

2 'n voortdurende strewe na ideale. Wanneer die student

sy eie onvolledigheid ken, strewe hy na die verwesenlik= ing van waardes tot groter volledigheid. Omdat die ideale nooit volkome vervul word nie, bly dit 'n voort= durende strewe.

3 sekuriteit. Waardes kan bo-persoonlik van aard wees en die strewe daarna verleen 'n sekere mate van sekuriteit en 'n besef van gesonde eie waarde.

4 'n eie rolvervulling. Die kurrikulum moet voorsiening maak vir die behoefte by die student om sy eie plek in die samelewing met selfvertroue te kan gaan inneem.

Vir *die dosent* hou die erkenning van waardes en die voor= siening in die behoefte aan waardes, die grootste uitdaging in. As die kurrikulum genoegsaam voorsiening maak om die waardeaspek te hanteer, lê dit op die dosent die verantwoorde= likheid om die leerstof op so 'n wyse te ontsluit dat die student die optimum leerervaring daaruit sal put. In die verband sê Louw (a w 33) tereg dat *op universiteit die WAT onderrig moet word oorbeklemtoon word ten koste van die HOE onderrig moet word.* Uit 'n onlangse informele navraag by 'n aantal gegradueerde vakmanne het aan die lig gekom dat die wyse waarop 'n dosent sy vak aangebied het een van die belangrikste redes was waarom 'n bepaalde vakman in sy vak presteer het.

Vir *kurrikulumontwerp* beteken die erkenning van waardes die volgende: waardes is inherent aan inhoude. Die twee kan nie geskei word nie. Elke stuk inhoud moet dus waarde= belaaide inhoud wees.

Toepassing op Bybelkunde. Met sy besondere studieveld, die Bybel, kan ons sê dat in Bybelkunde ons te doen het met die bron van waardes. Die potensiaal is onbeperk. Dit bied aan die dosent die grootste moontlike ontsluitingsmoont= likhede en aan die student eweveel leer- en ervaringsgeleent= heid.

4.3 Die Onderwysinrigtings

Aan onderwysinrigtings sal 'n Bybelkundedepartement, of waar dit nie bestaan nie, die dosente wat Bybelkunde doseer kurrikulum- en leerplanontwerp hanteer. Nou is dit moeilik, indien nie onmoontlik nie om neutraal teenoor die Woord van God te staan. Pogings tot 'n totale objektiwiteit in 'n

sogenaamde "toeskouer"-benadering het nog telkens misluk (vgl G N Stanton: Presuppositions in New Testament Criticism in *New Testament Interpretation*, Ed. I H Marshall, 1977, 50v). Die verwysingsraamwerk van 'n Skrifwetenskaplike speel 'n (soms onbewuste) aansienlike rol in sy hantering en verstaan van die Skrif (vgl ook F E Deist en J J Burden, *'n ABC van Bybeluitleg*, Van Schaik, 1980, 32v).

Hierdie verskynsel word oor die algemeen erken en aanvaar, maar dit bring mee dat aan onderwysinrigtings voorsiening gemaak moet word vir 'n ryke geskakeerdheid van voorveronder= stellings terwyl daar intussen gestreef word na die grootste moontlike gemeenskaplikheid.

4.3.1 Die geskakeerdheid

Die geskakeerdheid het 'n wye spektrum. Aan die een kant kan ons 'n universiteit vind met 'n Bybelkundedepartement in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte met geen kerklike verbondenheid (en mitsdien ook geen toesig oor die leer en lewe van die dosente) nie. Hier sal die persoonlike ver= wysingsraamwerk van die dosent 'n rol speel. Dit is moont= lik dat in kurrikulum- en leerplanontwerp hierdie invloed gerelativeer sal word in gesamentlike besinning met ander dosente, elk met hulle eie persoonlike verwysingsraamwerk. Die krag van persoonlikhede, veral in gesagsposisies, moet in hierdie verband nie buite rekening gelaat word nie.

'n Volgende skakering is waarneembaar waar die vak Bybel= kunde vir 'n fakulteit Lettere en Wysbegeerte aangebied word deur dosente wat aan 'n teologiese fakulteit verbonde is en waar die fakulteit nie kerklik verbonde is nie, maar homself tog stel op 'n bepaalde belydenisgrondslag (soos byvoorbeel die Universiteit van die Noorde). Afgesien van die persoon= like voorveronderstellings by dosente soos hierbo beskryf, sal die belydenisgrondslag waarskynlik 'n rol speel by kurrikulering en leerplanontwerp.

'n Ander skakering vind ons waar Bybelkunde aangebied word vir 'n fakulteit Lettere en Wysbegeerte deur dosente van 'n fakulteit Teologie waar hierdie dosente in 'n kerklike verbondenheid en onder toesig van 'n bepaalde kerklike denominasie staan. In gevalle waar een kerklike denominasie hierdie inspraak het, kan verwag word dat die kerklike ge= oriënteerdheid sterker weerspieël sal word in 'n leerplan. In gevalle waar meer as een kerklike denominasie saamwerk (soos in die geval van die Universiteit van Pretoria), kan

verwag word dat daar deur middel van onderlinge beraadslaging verskillende aksente in kurrikulering en leerplanontwerp, hanteer sal word.

Dit is 'n paar van die skakerings. Daar is nog meer. Bo= staande is egter genoeg om aan te dui dat ons hier met 'n delikate probleemveld te doen het. Afgesien van verskille ten opsigte van Skrifbeskouing, Skrifverstaan, Skrifhan= tering, ens, kom in die gesigsveld ook die vraag na weder= sydse erkenning van mekaar se opleiding.

'n Andersoortige verskeidenheid bestaan daar waar universi= teite en onderwyskolleges saamwerk ten opsigte van die vak Bybelkunde. So 'n samewerking berus meesal op onderlinge ooreenkoms. Probleemvelde wat in so 'n samewerking voort= durend die aandag sal moet geniet, is die volgende:

1 Die hantering van moontlike verskil in doelstellings.

2 Standaard.

3 Die behoefte aan onderlinge oorlegpleging en die struk= tuur om sodanige oorlegpleging die beste te dien.

4 Die invloed van wedersydse inspraak op leerplanne.

4.3.2 Die strewe na gemeenskaplikheid

Dat daar uiteindelik identiese leerplanne vir Bybelkunde aan al ons onderwysinrigtings sal bestaan, moet m i afge= skryf word as 'n onmoontlike en ook in 'n sekere sin onwens= like illusie. 'n Strewe na gemeenskaplikheid moet miskien juis begin met 'n nugtere erkenning en aanvaarding van ver= skille. Dit sal ons vrystel van angsvalligheid in ons gesamentlike besinning. Hierdie siening wil niks afdoen aan 'n strewe na gemeenskaplikheid nie. So 'n strewe kan deur die volgende gedien word:

1 *Wetenskaplike benadering.* Daarmee bedoel ek dat stand= punte gegrond sal wees op beskikbare verifieerbare feite en logiese beredenering EN dat dit gestel sal word in die lig van ander standpunte en dat langs logiese weg aangedui sal word hoekom 'n eie standpunt te verkies is bo ander. Waar geloofsapriorië die standpunt beïnvloed, moet dit rustig bely word met erkenning van ander geloofsapriorië. Alleen langs hierdie weg kan 'n dosent as geloofwaardig ervaar word. Dit laat ook ruimte vir die student om 'n selfstandige standpunt in te neem.

2 *Die bepaling van die studieveld vir Bybelkunde.* Moet Bybelkunde 'n suiwer bibliologiese vak wees of nie? Moet

sistematisering van inhoude, anders as die boodskap van 'n bepaalde boek, 'n rol speel of nie? In hoeverre moet kerk= geskiedenis buite die Bybelse tydvak, as studieveld betrek word? My eie standpunt is beredeneer in die aangehaalde artikel in *Scriptura*. As dit aanvaarbaar sou wees, sou dit 'n gemeenskaplike basis bied.

3 Die toepassing van die beginsels vir kurrikulumontwerp sou ook as 'n gemeenskaplike taak aangepak kan word.

4.4 Die studente

Die profiel van die Bybelkundestudent sal in die eerste plek bepaal word deur die gemeenskap waaruit hy kom. Sy gemeenskapsagtergrond hang weer saam met die karakter van die betrokke universiteit. Universiteite soos

Die Universiteit van Pretoria
Die Universiteit van die Oranje Vrystaat
Die Universiteit van Stellenbosch
Die Potchefstroomse Universiteit
Die Randse Afrikaanse Universiteit

sal hulle studente trek uit 'n oorwegend Afrikaanse gemeen= skap met verskillende kerklike groeperinge. By die grootste persentasie studente uit hierdie gemeenskap sou 'n voor= wetenskaplike kennis van die Bybel veronderstel kan word omdat hierdie gemeenskap bekend is as 'n nomineel christe= like gemeenskap en omdat die grootste getal kerklike groe= peringe in hierdie gemeenskap een of ander vorm van katege= tiese onderrig beoefen. Mens sou selfs rekening kon hou met 'n geringe persentasie studente wat Bybelkunde as vak op skool geneem het. Hierdie omstandighede impliseer dat byvoorbeeld aan die Universiteit van Pretoria rekeninge gehou moet word met die algemene verwagting dat Bybelkunde nie vanuit ateïstiese, agnostiese of relativistiese stand= punt aangebied sal word nie.

Aan universiteite soos

Die Universiteit van die Witwatersrand
Die Universiteit van Natal
Die Universiteit van Kaapstad

sal studente uit 'n oorwegend Engelse gemeenskap bedien moet word. Ook hier is daar verskillende kerklike groe= peringe wat kategetiese onderrig aan hulle lidmate aanbied. Dus sal ook hier met 'n sekere mate van voor-wetenskaplike kennis by die student rekening gehou kan word.

By ander universiteite (Universiteit van Port Elizabeth?) kan die samestelling van die gemeenskap meer heterogeen van aard wees.

Die Universiteit van Suid-Afrika bedien die hele samelewing= struktuur - alle taalgroepe, wit en swart. Die hele karakter= spektrum in hierdie gemeenskappe sal dus ondersoek moet word. Hier sou selfs die moontlikheid dat nie-christene die vak kan neem, nie uitgesluit kan word nie. Dit is natuurlik ook moontlik by die ander universiteite.

Die universiteite vir swart studente is aangewese op studente uit die swart gemeenskap. Hier word ander verskeidenhede aangetref. By die Universiteit van die Noorde is byvoor= beeld bevind dat etniese groeperinge in 'n groter of geringer mate 'n rol speel, afhangende van die omstandighede. Die godsdienstige agtergrond van die studente wissel vanaf nie-christelik tot christelik, met tussenin die menigte separa= tistegroepe. In ontwikkelingspeil wissel dit vanaf die primitiewe kraal- en stamverbondenheid tot die ontwikkelde student uit hoogsgekwalifiseerde akademiese kringe. 'n Verskil tussen die wit en swart gemeenskappe is dat die tradisioneel christelike karakter van die wit gemeenskappe 'n groter persoonlikheidsinslag by die wit student het en dat die tradisionele godsdienste onder die swartes 'n oor= eenstemmende persoonlikheidsinslag by die swart student het.

Bogenoemde aspekte is aan die orde gestel om aan te toon wat die aard van die ondersoek sal moet wees in die vasstelling van die profiel van die student wat moontlik Bybelkunde as vak sal neem.

Elke universiteit sal moet besin oor sy eie situasie. Be= sonder interessant behoort te wees die bevindinge van die universiteite Durban Westville en Wes-Kaapland.

Die stand van kennis by studente.
Die vraag of 'n student vooropleiding behoort te hê al dan nie, is ook 'n aspek wat oorweeg sal moet word. Logies be= hoort dit so te wees dat 'n Bybelkundekursus op skool 'n voorwaarde sal wees vir toelating tot tersiêre studie in die vak. So 'n reëling sal egter die weg versper vir 'n hele aantal potensiële kandidate. In die lig hiervan sal die kurrikulum dan so ontwerp moet word dat dit (soos byvoorbeeld in die geval van vakke soos Hebreeus, Sosiologie, Sielkunde, ens) nie vooropleiding veronderstel nie. Aan die Universi=

teit van Pretoria is Bybelkunde op skool nie 'n toelatings= vereiste nie. Die indruk bestaan inderdaad dat voor= opleiding in Bybelkunde soms eerder 'n belemmering as 'n aanbeveling is. Dit hang saam met die verskynsel dat die benadering op skool soms grootliks verskil van dié aan die Universiteit. Dit is veral gemerk ten opsigte van Skrif= beskouing, altans in soverre dit die Ou Testament betref.

Doelstelling

In hierdie verband moet in ag geneem word:

1 Studente wat die vak neem as 'n voorgeskrewe vereiste vir hulle graad met die oog op 'n eventuele beroepsvervul= ling. Dit sal veral die teologiese student en die onder= wysstudent geld. Albei groepe sal ingestel wees op die akademiese toerusting. Hulle beroepsgerigtheid sal egter verskil. Die teologiese student sal sy doel stel op die bediening van die Woord, terwyl die aksent vir die onder= wysstudent sal lê op die aanbieding van 'n voorgeskrewe leerplan. Vir kurrikulumontwerp hou dit dié implikasie in dat in die leerplan onderskeid gemaak sal moet word tussen die twee groepe ten opsigte van vakgebiede soos tekskritiek en eksegese. Van die teologiese student sal verwag moet word om selfstandig uit die grondteks die teks= kritiek en eksegese te beoefen. Dit sal uit die aard van die saak nie van die onderwysstudent verwag kan word nie. Laasgenoemde sal onderrig moet word om vanuit 'n wetenskap= lik verantwoorde Skrifbeskouing op wetenskaplik-kritiese wyse van kommentare gebruik te maak.

2 Studente wat die vak neem as ondersteunende vak vir, sê maar 'n graad in die geesteswetenskappe.

3 Studente wat die vak neem uit belangstelling.

In 'n ondersoek aan die Universiteit van Pretoria is die volgende vasgestel: (Hierdie was 'n heel voorlopige onder= soek).

	% Studente vir wie die vak voorgeskryf is	% Studente wat die vak as ondersteunende vak kies	% Studente wat die vak uit belangstelling kies
Bk I	59,22	23,07	17,08
Bk II	49,16	42,34	8,50
Bk III	44,30	16,45	5,06

4.5 Die Dosent

Onder die hoof,'onderwysinrigtings', is gewys op die spek= trum van verskeidenheid aan universiteite in die aanbieding van die vak Bybelkunde - die skakerings wat bestaan al na gelang die binding aan 'n belydenis, 'n kerk of persoonlike voorveronderstellings 'n rol speel. Die Bybelkundedosent is deel van hierdie raamwerk en hy sal, afhangende van sy plek in hierdie raamwerk 'n rol speel veral wat betref die inhoud (die WAT onderrig moet word).

'n Poging is aangewend om aan te dui hoe so 'n situasie hanteer kan word. Die WAT-vraag moet verder uitgepluis word in die ondersoek na die seleksie van leerinhoude.

Op bladsy drie hierbo is egter die stelling aangehaal dat die WAT onderrig moet word, oorbeklemtoon word ten koste van die HOE onderrig moet word. Die HOE-vraag word direk aan die dosent gerig. In 'n beginsituasie van kurriku= lering sal hy dus belangstel in die vraag: in hoe 'n mate kan die HOE verwoord word in 'n kurrikulumontwerp sodat dit ook in leerplanne weerspieël sal word? Dit geld veral diegene wat nie in didaktiek geskool is nie.

4.6 Relevante ekonomiese oorwegings en die gebruik van tegniese onderrigmiddele

Hierdie aspekte sal op plaaslike vlak deeglik ondersoek moet word.

5 VERDERE BESINNING

'n Poging is hiermee aangewend om 'n bydrae te lewer oor die eerste beginsel vir kurrikulumontwerp, naamlik situasie-analise. Op meer indringende wyse sal besin moet word oor:

5.1 Doelstellings

Uit die aard van die saak moes dit al in die situasie-analise aandag geniet (kyk bladsy 8). Skematies voorge= stel sal so 'n ondersoek die volgende patroon kon volg:

5.2 *Seleksie van inhoude*

Weer retrospektief vanuit die doelstelling sal gevra moet word na die inhoude wat nodig is om die doel te verwesenlik:

5.3 *Ordening*

Ordening van die leerinhoude volgens 'n hierargiese patroon of taksonomie om op verskillende vlakke te lei na doel= verwesenliking.

5.4 *Didaktiese oorwegings*

Die beskrywing van die HOE in die onderrigsituasie, die gebruik van onderrigmiddele om die leerinhoude op die beste wyse vir die student te ontsluit met die oog op die uiteinde= like doelverwesenliking.

AANBEVELINGS:

1 Elke tersiêre onderwysinrigting word versoek om die situasie-analise te doen m b t beplanning en in te stuur na Universiteit van Pretoria.

2 Die kongres besluit om sy besinning oor die ander beginsels vir kurrikulumontwerp voort te sit:

2.1 Aan elke onderwysinrigting word opgedra om aan= bevelings te maak oor die seleksie van inhoude wat wesenlik is om bepaalde doelstellings te bereik.

2.2 Die kongres besluit om met behulp van vakkenners op die gebied van pedagogiek en didaktiek pogings aan te wend om die leerinhoude te orden volgens 'n taksonomie van doelstellings en om leerplanne só te formuleer ten einde leerervaring en leer= geleentheid 'n groter rol te laat speel.